higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIENRIGLYN

NASIONALE SERTIFIKAAT

KUNSGESKIEDENIS N5

14 NOVEMBER 2019

Hierdie nasienriglyn bestaan uit 13 bladsye.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A

VRAAG 1 (Enige TWEE)

1.1 1.1.1 Gestileerd. Beelde is vereenvoudig en word deur basiese vorms voorgestel. Sommige areas (lug) is tot 'n patroon reduseer. Die kunstenaar se hoofdoel is om die landskap te interpreteer deur middel van ekspressiewe kwashale. Vereenvoudigde kleur word vir emosionele effek gebruik en nie om dit realisties te verf nie. (2)

1.1.2 Van Gogh maak gebruik van lyn om die nagtoneel op 'n ekspressiewe manier uit te beeld. Vertikale lyne, ens. Sipresbome en kerktoring kontrasteer met die horisontale hemelruim in hierdie komposisie.
Warrelende, vloeiende lyne in die lug. Dik, swart duidelike buitelyne word gebruik om die dorp en berge te definieer. (4)

1.1.3 Deur gebruik te maak van warrelende lyne om die spirale in die lug te vorm, word 'n golwende beweging geskep. Kronkelende lyne in die lug, sipresse en berge skep ritme en beweging. Deur die gebruik van swaar, dik, ekspressiewe kwashale in die lug word 'n gevoel van beweging geskep – dit laat die lug dinamies en energiek lyk. Kontrasterende kleure in die lug dra by tot die gevoel van beweging. (4)

1.2 1.2.1 Wierook word in Boeddhistiese tempels gebrand – word as – verleen 'n gevoel van spiritualiteit aan die werk.

Christendom – 'Ash Wednesday' word gevolg
As tot as, stof tot stof (Bybel).

Laat ruimte vir student se deurdagte argumente en eie interpretasies van die gebruik van as in die beeldhouwerke. (2)

1.2.2 Studente se opinie.
Jesus en Boeddha verteenwoordig twee van die grootste gelowe in die wêreld. Regoor mekaar geplaas asof hulle opponente is, maar die gebare van vergifnis en seëninge getuig van verdraagsaamheid en begrip. Oos en Wes wat saamkom. (4)

1.2.3 Gee 'n rede vir jou antwoord met verwysing na die betekenis/boodskap en komposisie.
Student se opinie. (4)

1.3 1.3.1 Atmosferiese/Lugperspektief – Figure oorvleuel
Groter figure in voorgrond – kleiner in agtergrond
Kleure sterker in voorgrond – meer gedemp in agtergrond
Meer detail in voorgrond. Enkele lineêre perspektief sigbaar op die rand/lyn wat gevorm word waar land en water ontmoet, lei jou oog in die kunswerk in. (3)

1.3.2 Kleur – gebruik kontras van ligte en donker kleure. Oorspronklike manier om skadu's uit te beeld – skadukleure is 'n kombinasie van die kleure waarmee hulle in aanraking kom, soos gesien in die rompe van die vrouens in die middel.
Lig – Liggewende helder wit dag links bo word minder wit namate dit vermeng met die groen van die bome. Gebruik verskillende kleurwaardes vir klere en op die gras om die verskil tussen die skadu- en sonareas uit te wys.
Tegniek – Pointillistiese tegniek (plaas kolle langs mekaar) laat skildery lewendiger lyk. Geen werklike lyne word gebruik nie. (5)

1.3.3 Die rivier aan die linkerkant is vol bote wat uitbalanseer met die groot figure aan die regterkant
Aktiwiteit in die middel maak die middel net so aanloklik soos die kante.
Plasing van figure bring balans – statiese kwaliteit (2)

1.4 1.4.1 Lug-/Atmosferiese perspektief (1)

1.4.2 Hy gebruik die konflik tussen warm en koel kleure om aan die werk 'n gevoel van aktiwiteit te verleen
Illusie van diepte word geskep deur gebruik te maak van sterker, warmer kleure in die voorgrond wat swakker en koeler raak in die agtergrond
Gebruik ekspressiewe, beskrywende kleur
Komplementerende kleur
Beeld kom vereenvoudig voor om vorms te skep
Duidelike, sigbare kwashale kontrasteer met plat areas van kleur
Gebruik swart buitelyn (4)

1.4.3 Student se opinie.
Meer van 'n besige, vakansie-oord eerder as Londen wat normaalweg mistroostig is weens die gebruik van helder kleure (2)

1.4.4 Die groot boot/skip in die middel is die fokuspunt – sny diagonaal dwarsoor die skildery en verdeel dit in twee helftes – kontrasteer met die vertikale pyp op skip en vertikale kolomme van brug. Gebruik komplementerende kleure om werk te balanseer.
Kwashale skep tekstuur in die water wat dit 'n gevoel van beweging gee. (3)
[40]

EN/OF

VRAAG 2

2.1 2.1.1 (a) Lys van VIER kleure en die elemente wat gebruik is om dit te skep.
Rooi – hematiet, oker of ysteroksied tot fyn poeier gemaal
Swart – houtskool, roet en mangaan
Wit – silika, klei, gips, kaolien en voëlmis
Geel – limoniet of geel oker (8)

(b) Eiergeel, plantsap, albumen (eierwit), uriene, vet, bloed (vir rituele beelde) (4)

2.1.2 (a) Nomadies – leef nie vir lank op een plek nie. Geen stabiele woning nie.

(b) Kaggen – bedrieër goddellike van die San. Kon sy vorm verander.

(c) Beswymende staat – veranderde staat van bewussyn

(d) Petroglief – 'n rotstekening

(e) Entopiese beeld – geometriese vorms

(5 × 2) (10)

2.1.3 Kon siekes genees
Lei die reënbul na area wat reën nodig het
Sy gees kon sy liggaam verlaat en na ander areas reis
Voer rituele van inisiasieseremonies uit
Vrugbaarheidsrituele
Towerkuns vir suksesvolle jag
Student moet volledige verduideliking gee. Nie noodwendig agt punte. (8)

2.1.4 Student se keuse
E.g. N'KOSASANA ELAND – NOORD-OOS KAAP
Beeld enkele eland uit. Dit is 'n ongeskadude bi-chroom skildery (piktogram)
3-D geskep deur: sy-aansig, agterkant effens gedraai. Wit word gebruik om die verste ledemate uit te beeld. Daar is 'n kleurskeiding tussen die nek en skouers. Klein bruin streep op voorkop versterk die 3D-effek
EENHEID geskep deur: Wit vorm van voorbeen is verleng al langs die abdominale lyn – kombineer wit vorm en bruin vorm met mekaar – skep 'n gevoel van eenheid. Verlenging van bruin lyn van skouer tot voorkop (10)
[40]

EN/OF

2.2 Thomas Bowler, Gerard Bhengu, Irma Stern, Thomas Baines, of enige ander Suid-Afrikaanse kunstenaar van jou keuse.
Student se keuse. **[40]**

EN/OF

VRAAG 3

Student se keuse

HINDOEKUNS - TEMPEL
Argitektuur- en beeldhouwerk – verbind groot nisse in die 3 buitemure van die heilige plek – bevat beeldhouwerk wat verskillende aspekte van die goddelike uitbeeld. Buitenste sale en afdak bevat ook beeldhouwerke. Alhoewel 'n Hindoetempel opgedra word aan die glorie van 'n goddelike – is dit ook daarop gemik om aanbidders te help om moksha te bereik. Mure bevat derhalwe beeldhouwerke wat die ander drie doelwitte van die lewe weerspieël – daardeur verstaan ons die baie sintuiglike en sekulêre temas wat die Hindoetempels versier.

Suid-Afrikaanse voorbeeld – Hare Krishna-tempel, Chatsworth
In 1969 gebou. Grootste Hare Krishna Tempel in Afrika. Oordadige versiering – marmer teëls, goudgetinte vensters, koperornamente, kristalkandelare, goue standbeelde. Tempel ontwerp in die vorm van 'n lotusplant. Kleurvolle panele op die plafon – stel vergange tye van Lord Krishna voor.
Baie van die kuns is godsdienstig – simbolies wat betref gebare en voorwerpe wat in kunswerk ingesluit is. Gebruik vir gebed (puja) – daar word geglo 'n beeldhouwerk, beeld of ander simbool van god is vol van godheid se kosmiese energie eerder as dat dit die godheid self is. Veelvuldige arms dui op die mag van die godhede – vermoë om vele take gelyktydig te verrig – dit was 'n eenvoudige, doeltreffende manier om die godheid as alomteenwoordig en almagtig uit te beeld. Demone is uitgebeeld met veelvuldige koppe – wys hul bomenslike krag.

Die gebruik van veelvuldige koppe en ledemate – toon verskillende aspekte van die karakter van die godheid. Geen individualiteit – figure word gesien as vorms wat meer perfek is as enige wat in menslike modelle voorkom. Bv. Shiva Nataraja 12de eeu (Chola Dynastie) Brons. Populêre beeldhouwerk van Shiva (een van die hoofgodellikes van die Hindoegeloof) as Nataraja (God van Dans) wat die Kosmiese Dans uitvoer. Buitengewoon wat betref balans en harmonie. Twee hande hou simboliese voorwerpe vas, d.i. 'n vlam en trom wat verwoesting en skepping simboliseer. Die ander twee hande word in voorgeskrewe gebare getoon – *mudras.* Danse op 'n demoniese dwerg – stel onkunde voor. Shiva dans binne 'n vlammering. Herhaling van vlamme behou harmonie binne die beeldhouwerk.

Asaveri met 'n Kobra 1605 – Verf op papier – miniatuur van Udaypur in Rajasthan toon die blywendheid van die Hindoeskilderkunstradisie – musikale modus – belig die noue skakel tussen Hindoekuns, -musiek en -digkuns. Gestileerde beeld. Sit op bergspits. Sy het 'n slang uit sy gat getrek en is van plan om dit as 'n gordel te gebruik.

Kopiereg voorbehou

ISLAMMOSKEE, bv. Nizamiye-moskee – Midrand, Johannesburg.
Grootste moskee in die Suidelike Halfrond. Planne in Turkye opgetrek – is aangepas vir SA boustandaarde. – In 2012 voltooi – Ottomanstyl.

Anders as Hindoekuns, mag Islamkuns nie menslike of dierlike vorms uitbeeld nie – meer gefokus op dekoratiewe vorms. Die Koran in Arabiese skrif geskryf – beïnvloed die ontwikkeling van abstrakte ornamentele vorms en patrone. Gebruik Arabiese kalligrafie. Kombineer met geometriese en blomontwerpe. Gebruik van geometriese beginsels en weerspieëling van 'n gevoel van ritme in die komplekse herhaling van patrone – kan teruggevoer word na Arabiere se belangstelling in wiskunde en sterrekunde. Godsdiens het 'n hoofinvloed op Islamkuns. Patrone – wys op die idee om aardse voorwerpe te vermom sodat dit die aardse bestaan kan transendeer. Gebruik vorms en patrone uit Bisantynse kuns – brei uit daarop. Beklemtoon die belangrikheid van eenheid, logika en orde. Sirkel die grondslag van baie patrone. Gebruik liniaal en kompas om patrone te skep.

Bv. Keramiekteëls (gedateer tussen 14de en 15de eeu) met Arabiese teks. Die teks op die teëls lui 'watter uitstekende metgeselle is geluk en voorspoed'. Dit word verskeie kere herhaal. Geskep as versiering op 'n gebou. Kalligrafie - fundamentele element van Islamkuns, bied die geleentheid op ornamentele vorms daaruit te skep. Die Arabiese teks wat in die Koran gebruik word, het die ontwikkeling van abstakte ornamentele vorms en patrone beïnvloed. Of enige ander voorbeelde. **[40]**

TOTAAL AFDELING A: 80

AFDELING B: (Enige DRIE)

VRAAG 4

4.1 4.1.1 Anubis – kop van jakkals

4.1.2 Thoth – kop van ibis

4.1.3 Horus – kop van valk

4.1.4 Ammut – kop van krokodil, voorkant van leeu, agterkant van seekoei

4.1.5 Osiris – gedeeltelik mummie, toegedraai; wit kroon van Bo-Egipte met 2 volstruisvere; hou kromstaf en dorssok vas

(5 × 1) (5)

4.2 Reëls was standaard vir skoonheid, eer – gestandaardiseerde verheerliking van die menslike figuur – geen persoonlike interpretasies van tonele – geen oombliklike oomblik – daar is verwag dat alles vir altyd sal duur – wiskundige raamwerk om die heelal te begryp – vooraansig van oë, ore, bors en profiel van kop, bolyf, ledemate – simmetries – gebruik van registers (5)

4.3 Egiptese kuns is geskep om te help met die lewe na die dood – funksioneel omdat dit vir godsdiesntige doelwitte geskep is. Beïnvloed deur onsigbare magte waartoe toegang verkry kon word deur dit sigbaar te maak deur dit uit te beeld. Geloof in lewe na die dood. Die koning is as goddelike beskou. Grafte en sarkofaë is versier en geskep vir die dood en die lewe na die dood. Beeldhouers is beveel om die koning se kop uit graniet te kap en dit in die graf te plaas waar niemand dit kon sien nie, dit het gehelp om hom lewend te hou.

Die onsterflike gees, Ka moes 'n gelykenis hê in die vorm van 'n prentjie of beeldhouwerk om terug te kom.

Voorbereiding van 'n persoon vir die lewe na die dood met prente van die daaglikse bestaan, dood, oorlog, hul gode, ens. Die doodsmaskers het baie goeie vakmanskap bevat.
Gode is om die faroa uitgebeeld, bv. Isis by die voet van Tutankamen se tweede kis. (10)

4.4 Bevat towerspreuke om in die hiernamaals te help aangesien die lewe deurgebring is ter voorbereiding van die hiernamaals – hoe om die onderwêreld binne te gaan – help om hulle teen demone te beskerm – wen 'n plek in die hemel – veg teen slange – voorkom dat die hart geneem word – oordeel in die onderwêreld ens. (5)

4.5 Die piramiede van Khufu is die grootste piramiede by Giza. Bespreek die argitektuur met verwysing na die doel van die konstruksie daarvan.
Dit is gebou as beskermende monument vir die gemummifiseerde koning en sy besittings. Hulle het ook sy absolute mag simboliseer. Deur die eenvoudige geometriese vorm van die struktuur, het dit 'n embleem van orde in die chaos van die natuurlike omgewing van die woestyn geword. Die hieroglifiese inskripsies van gebede en slagspreuke wat die mure van die graf bedek versterk die idee dat die hooffunksie van die piramides was om die ewigdurende welvaart van die faro te verseker. Die vier gelyke driehoeke van die piramide is uitgelê om presies in lyn te wees met die vier kardinale punte van die kompas. Dit is op die wesoewer van die Nyl gebou waar die son elke dag 'sterf'. Nadat dit gebou is, is 'n blok wat met 'n blink metaal bedek is bo-op die piramiede geplaas. Die kante is oorspronklik met kalksteen bedek om dit 'n gladde oppervlakte te gee.

Ware piramidevorm – vierkantige basis – vier driehoekige kante wat in 'n punt eindig.
Het 5.25 hektaar gedek
Was 1478.5 m hoog
1.3 000 000 klipblokke wat elk 2.5 ton weeg
Konings se kamer in die hart van die piramide
Koningin se kamer onder dit
Groot gallery – Gang wat na koning se kamer lei
2 skagte vir luggate
Die bewaarde liggame is binne geplaas (15)
[40]

EN/OF

VRAAG 5

5.1 5.1.1 Kouros– 'n standbeeld van 'n kaal jeugdige

5.1.2 Pediment – lae gewel oor 'n afdak, deur of venster

5.1.3 Terracotta – 'n harde, rooibruin, gewoonlik ongeglasuur erdewerkklei wat in pottebakkerswerk en beeldhouwerk gebruik word

5.1.4 Triglief – blad wat verdeel word deur twee vertikale gleuwe in drie stroke

5.1.5 Kore – standbeelde van geklede jong vroue

(5 × 2) (10)

5.2 Student se keuse

Bv. Die Parthenon – een van die geboue wat wit marmer in plaas van kalksteen gebruik het, versterk met marmer stukadoor soos voorkom in baie ander tempels – die hoofdoel was om die standbeeld van Athena, die godin wat die stad Athene beskerm het, te huisves – Doriese tempel wat 'n sentrale posisie op die Akropolisheuwel inneem – wyer as ander Doriese tempels – agt pilare in plaas van ses. – stut-en-latei-boutegniek in klippilare en entablature wat hulle van die Egiptenare oorgeneem het.

Skatkamer bevat 4 Ioniese pilare wat ongewoon is – nog 'n Ioniese kenmerk – beeldhouwerke is op die fries wat om die bokant is. Fries – horisontaal dekoratief of beelhouwerkband tussen pilaar en die dak – marmer is deurgaans gebruik. Geen mortier gebruik om die blokke bymekaar te hou nie

Die dromme van die pilare het met voë en marmer blokke in mekaar gepas om die mure te vorm wat bymekaar gehou is deur ysterklampe wat in gleuwe geplaas is en met lood in plek gehou is – Het vrystaande pedimentfigure bevat – gebou is gesien as perfekte balans tussen die humanistiese en idealistiese tendense wat Griekse kunstenaars in hulle werk probeer uitbeeld het. (10)

5.3 Student se eie keuse van kunswerk.
e.g. Die Kouros van Tenea, 570 vC, marmer – Kouros – beeldhouwerke van 'n kaal, manlike jeugdige. Vroeë gelowe – aanbid sonder klere wys die mens sonder aardse besittings. Die Kouros – 1,52 m. Langs 'n graf gevind – moontlik 'n grafmonument. Die rigiede houding met arms langs die liggaam, hande geklem, een voet effens voor die ander, herinder aan Egipteise standbeelde. Hy het 'n atletiese voorkoms. Gesigsuitdrukkings is kenmerkend van die argaïese periode, insluitend die effense glimlag. Gestileerde lang hare. Hierdie beeldhouwerk toon 'n meer naturalistiese benadering as die ander kourosstandbeelde.
E.g. 2. Discobolos – brons. Geskep deur Griekse beeldhouer, Myron. Naturalisties – figuur is vasgevang in 'n oomblik van aksie. Vry van die rigiede stand van die Argaïese periode. Ideale realiteit van fisiese beweging is vasgevang. Die atleet word getoon op die oomblik voordat hy die swaar skyf gooi. Verdeling van ligaaamsgewig saam met die vorms van die spiere – 'n komposisionele effek wat deur die Grieke geskep is en *rhythmos* of patroon genoem is. Al was dit 'n oomblik van aksie, is die gesigsuitdrukkings emosieloos. Word beskou as teken van krag en mag. (20)
[40]

EN/OF

VRAAG 6

6.1 Vroeë argitektuur oorheers deur konstruksie van geboue vir godsdienstige doeleindes. Die Romeine se projekte was daarop gerig om praktiese probleme op te los wat deel van die lewe van algemene burgers was.
Fokus op sekulêre strukture, soos die ontwikkeling van waterkanale, paaie, brue, rioolstelsels, openbare baddens en basilikas. Waterkanale het drinkwater voorsien – verbind met binnenshuise rioolstelsels om water weg te voer van die stede. Het ook water aan albei huise voorsien. Romeinse openbare badhuise – besondere prestasie in ingenieurswerk. Warm water van ondergrondse warm bronne, maar water moes deur die loop van die dag warm gehou word.
Een van die belangrikste bydraes was die Romeine se ontwikkeling van die gebruik van boë, kelders en koepels. Deur die skep van kruiskelders is koepels ontwikkel. Hierdie stelsel laat toe dat gewig oorgedra word na die ondersteunende mure. Ondersteuningspilare was nie meer nodig nie.

Pilare is daarna as dekoratiewe elemente gebruik. Hulle het ook hulle eie soort beton ontwikkel om sterker mure te kon bou. Hulle het mortier wat stadig droog word ontwikkel. Hulle kon nou groter spasie sonder interieure ondersteuning skep.
Die Pantheon – getuienis van die Romeine se ingieuneursvaardighede. Hierdie goedbewaarde tempel is op die perseel van 'n vroeëre tempel gebou wat soos die Pantheon, opgedra was aan al die gode. Die voorkant van die geboue het 'n tradisionele reghoekige buiteportaal met suilegang. Sestien pilare is uit rooi en swart Egiptiese graniet gemaak met basisse en pilaarkoppe van wit Griekse marmer. Oorspronklik het 'n arend die voorste pediment (geweldriehoek) versier.

Die ontwerp van die hoofsaal in die vorm van 'n enorme rotunda is 'n simbool van wiskundige harmonie en dit was slegs moontlik om te bou omdat beton wat stadig droog word uitgevind is. Die rotunda is 'n kombinaise van 'n sirkel, 'n silinder en 'n sfeer. Dit is gebou uit geometriese vorms. Sewe nisse is opgedra aan sewe hemelgode. Korintiese pilare is binne en buite gebruik.

Die groot koepel is geskep deur swaarder beton onder te gebruik. Ligter materiaal bo-op. Uiteindelik is 'n ligte poreuse puimsteen heelbo gebruik.
Die sentrale kenmerk van die koepel word die okulus (beteken Oog) genoem – sirkelvormige opening. Enigste ligbron vir die binnekant. Okulus stel die koepel van die hemel voor. Wanneer die reën, val water in die gebou en word gelei om in afvoerpype uit te loop. (15)

6.2 Die Pantheon – getuienis van die Romeine se ingieuneursvaardighede. Hierdie goedbewaarde tempel is op die perseel van 'n vroeëre tempel gebou wat soos die Pantheon, opgedra was aan al die gode. Die voorkant van die geboue het 'n tradisionele reghoekige buiteportaal met suilegang. Sestien pilare is uit rooi en swart Egiptiese graniet gemaak met basisse en pilaarkoppe van wit Griekse marmer. Oorspronklik het 'n arend die voorste pediment (geweldriehoek) versier.

Die ontwerp van die hoofsaal in die vorm van 'n reuse rotunda is 'n simbool van wiskundige harmonie en was slegs moontlik om te bou weens die uitvinding van beton wat stadig droog word. Die rotunda is 'n kombinasie van 'n sirkel, 'n silinder en 'n sfeer. Dit bestaan uit geometriese vorms. Sewe nisse wat aan sewe hemelse gode opgedra is. Korinthiese pilare is binne en buite gebruik.

Die groot koepel is geskep deur swaarder beton onder te gebruik. Ligter materiaal bo-op. Uiteindelik is 'n ligte poreuse puimsteen heelbo gebruik.
Die sentrale kenmerk van die koepel word die okulus (beteken Oog) genoem – sirkelvormige opening. Enigste ligbron vir die binnekant. Okulus stel die koepel van die hemel voor. Wanneer die reën, val water in die gebou en word gelei om in afvoerpype uit te loop. (15)

6.3 Student se eie keuse. Bv. Augustus van Prima Porta (10)
[40]

EN/OF

VRAAG 7

7.1 Student se eie keuse

Bv. The Book of Kells
Queen Mary's Psalter – Christus in die Tempel (10)

7.2 Loodglasvensters het die kuns van mosaïek of muurskilderye soos in vorige kerke gesien is, vervang.Die effek van kleur wat deur die verskeidenheid glas filtreer, was 'n inspirasie. Die kleure is verkry deur minerale by glas te voeg terwyl dit gesmelt is. Wanneer daar teen die lig gekyk word, lyk die glas deurskynend terwyl die lood en yster wat gebruik word om die glasstukke te heg opaak swart lyne is wat die figure omlyn. Die ontwerpe op die vensters hou verband met die ontwerpe wat in mosaïekwerk en manuskripverheldering gesien word.
Soos met buitenste beeldhouwerke, is die onderliggende tema van die vensters die toewyding van die kerk as heligdom vir die Maagd Maria. Gildes wat verteenwoordigend was vir die verskillende ambagte het al die vensters geskenk. (10)

7.3 Student se eie keuse
E.g. Goties – Die Chartres-katedraal
Romaans – St Sernin-katedraal, Durham-katedraal (20)
[40]

EN/OF

VRAAG 8

8.1 Die klem op wat dit beteken om mens te wees – klem op geestelike en intellektuele vermoëns. Het beteken dat 'n mens hom- of haarself in alle sfere kon verbeter – fisies, moreel, geestelik en esteties. Humanisme het die verstand, skoonheid, mag en die enorme potensiaal van mense gevier. Kunstenaars het probeer om die mens op sy beste uit te beeld – geïdialiseerde beelde – perfekte proporsies, gebalanseerde, harmonieuse komposisies – het die mens se intellek en fisiese perfeksie gevier. (5)

8.2 Beeldhouer, botanis, anatomis, ingieuneur, musikant, digter, ens. (3)

8.3 Renaissance – perfekte proporsie, geïdealiseerd, in harmonie
Mannerisme – vervronge proporsies, emosioneel, dramaties, gedraai, verleng (3)

8.4 Swartplaag – meer rykdom onder oorlewendes gedeel – spandeer op luukshede soos kunswerke
Inval van Konstantinopel deur Ottoman-Turke – Griekse geleerdes het boekrolle van Antieke Griekeland na Italië gebring wat gelei het mededinging met Humanisme
Uitvoer en invoer – invloede van die Oste en Middel-ooste op kunswerk, veral in argitektuur
Uitvinding van die Guttenbergdrukpers - massaproduksie van boeke – uitruil van kennis – meer mense opgevoed
Magskuif van aristokrasie na ryk finansiers, bv. Medici-familie – nie net godsdienstige kunswrke, maar nou ook sekulêre en populêre kuns (10)

8.5 Figure is naturalisties voorgestel. Het Renaissance-kunstenaars beïnvloed. Student se keuse, bv. Die Klaaglied (The Lamentation) (4)

8.6 Student se eie keuse.
Bv. Michelangelo: Sixtynse Kapel – Skepping van Adam/La Piéta/Dawid ens.
Leonardo da Vinci: Laaste Aviondmaal/Mona Lisa ens.
(15)
[40]

EN/OF

VRAAG 9

Student se keuse

Peter Paul Rubens/Rembrandt/Caravaggio/Gian Lorenzo Bernini/Enige ander kunstenaar wat bestudeer is. **[40]**

EN/OF

VRAAG 10

Kies EEN van bogenoemde bewegings en beantwoord die volgende vrae:

10.1 ROMANTISISME – Met die Franse Rewolusie van 1789 en die einde van die monargie het die kuns wat dit ondersteun het ook tot 'n einde gekom. 'n Nuwe soort skilderwerk was nodig om die heroïsme van die Nuwe Republiek te vier. Het ontstaan as reaksie op die ontnugtering met rede en orde in die nadraai van die Franse Rewolusie van 1789. Anti-establishmentbeweging. Gekenmerk deur dubbelsinnigheid, kompleksiteit en onsekerheid.

NEO-KLASSISISME – Politieke en sosiale strukture in Frankryk was in 'n kritieke staat na 1750 – die staat was byna bankrot. Middelklas was moeg om deur die aristokrasie onderdruk te word. Tydens die uiterste politieke en ekonomiese krisis in Frankryk in 1789, het die Franse Revolusie begin. Onder die diktatorskap van Napoleon Bonaparte is 'n militêre mag op Europa losgelaat. Neo-Klassisisme – gekoppel aan politieke gebeure – amptelike styl van die nuwe regering. Weens die uitgrawings in Italivan die ruïenis van Herculaneum in 1738 en Pompeii in 1748, het hulle hul gewend to die 'edel eenvoud en kalm prag' van Grieks-Romeinse kuns.

REALISME – Het daarna gestreef om toestande en teëspoed van die armes akkuraat uit te beeld – hoop van veranderende samelewing. Realisme het strak beeld van armoede en wanhoop gegee. Die fokus is op die algemene mens. (10)

10.2 Student se keuse
Romantisisme – byvoorbeeld Goya, Gericault, Delacroix
Neoklassisisme – byvoorbeeld Jacques-Louis David, Jean Auguste Ingres
Realisme – byvoorbeeld Jean-François Millet, Gustave Courbet (30)
[40]

TOTAAL AFDELING B: 120
GROOTTOTAAL: 200

Kopiereg voorbehou